Ps. 118: 12, 13.
Ps. 23: 1, 2.
" 105: 5.
Ges. 189: 4

## Die Ongeleë Opdrag

Joh. 21: 1-22.

Petch 6 Sept. 1959.

Joh. 21: 17 – Jesus sê vir Hom: Laat my skape wei.
" 21: 21 + 22 – Here, maar wat van Hom? Jesus antwoord hom: ... wat gaan dit jou aan? Volg jy My.

Geliefde Gemeente van onse Here Jesus Christus,

~~Ons kan~~ Hierdie tekeninge van vanaggend is deur ons gekies omdat die Here in daardie woorde vir ons die antwoord gebring het op die roepstem wat gedurende Hom het i.v.m. die beroep na Aasvoëlkop: 'n antwd wat vir beide u en onsself droefheid bring omdat ons gedring is om die beroep te aanvaar – gedring met 'n inn. drang wat uiegedrukt het teen alle pers. begeertes en ~~verlangens~~, en wat ons nie anders kon sien as 'n opdrag van God wat ons nie kon versontagsaam nie.

Ons is diep bewus daarvan dat die tyding u laat met 'n ~~teneerheid~~ ~~en~~ droefheid – en miskien ook met 'n ~~bittere~~ teleurstelling – wat baie skade kan doen aan die saak van Gods Konink-. Daarom is dit ons diepe behoefte om die woord v God te laat spreek soos dit die afgelope dae en nagte tot ons gespreek het md gebed sal bid dat dit u siel sal vestig en u ~~[illegible]~~ sal versterk temidde van d. hartseer & droefhd by die wete dat God ons wegroep.

Die tonele van Joh. 21 is aan u almal bekend: Jesus wat besig is om Petrus te herstel in die diss. kring deur d. pers. vr. wat Hy 3 maal aan hom stel: Simon, seun v. Jona, het jy my lief? Op elke antwoord van Simon se JA volg daar 'n opdrag i.v.m. die kudde van Xtus as die groot Opper. herder wat almal saamgevat word in Xtus se

dued. eis (vs. 19): Volg My. Dan volg Petrus se beswaar in sy vraag: Here, maar wat van Johannes? En Xtus se onmiskenbare antw.: wat gaan dit jou aan? Volg jy My!

I Die Opdrag: Die algemeen saamvattende opdrag van vs. 19: Volg My word voorafgegaan deur 3 afs. opdragte i.v.m. die kudde: Pas my skape op – Laat my lammers wei – Laat my skape wei. Dop volg dan: Volg My, asof die H.Jesus wil sê: Jy kan ~~alleen~~ hd. aanspraak as herder alleen doen as jy bereid is om My te volg. Mr eers praat Jesus van:

My skape: Hy wil sy knegte & sy kerk van alle tye laat verstaan dat d. gemeente sy kudde is – nie ~~d. herder~~ Petrus s'n of ons s'n. Dan het ons as herders geen pers. seggenskap oor hulle & mag ons nooit die gedagte koester dat ons aanspraak het op sy kudde nie!

Laat wei: Xtus sê nie aan Petrus: ~~Bedien~~ Bring jy d. gras ~~voort~~ nie, Sorg jy vir d. lewe nie – Nee, Hy sorg self vir die lewe, d. gras, d. brood. Al wat die herders v.d. kudde moet doen is om d. skape te bring by d. weivelde waar kos en die waters waar rus is!

Xtus sê ook nie aan Petrus waar sy weiveld is waar hy die kudde moet oppas & wei nie. Petrus moes leer: Jerusalem of Rome – dis Gods saak. Al wat hy moes doen was om te gaan waar God hom stuur!

Eers wanneer die dissipel v.d. Here bereid is om hd. opdragte te beluister as opdrag, te aanvaar as opdrag, kan die Here kom m.a. oproep wat alles omvat: Volg My. Dan word d. navolging 'n vreugde omdat die diss. weet: Ek gehoorsaam d. Opdrag v.d. Meester!



II Die ~~...~~ Vraag: Ons lees: „En Petrus het hom omgedraai" en in dd. omdraai het hy d. dissipel Johannes gesien wat besig was om Jesus te volg. Vanself kom die gedagte op wat hy dan ook uitspreek: Maar Here, wat sal met hom gebeur? Daarmee wou Petrus nie te kenne gee dat hy ontevrede was met Xtus se opdrag nie, m.a. wel dat alles vir hom nog duister was – dat sy gemoed vol vrae en onsekerhede was wat hy graag wou opgehelder hê.

Hoe baie gewaarwordinge moes daar nie deur sy gemoed gegaan het vandat Xtus met hom begin praat het nie! Hoe baie besware kon hy nie opper nie! Vrae wat hy nie kon beantw. nie!

① Ongeleë tyd: Sy eerste beswaar: „Here, ek het U sopas verloën – voel myself so onwaardig; wil niks anders doen as aan U voete te sit nie, stil by U te wees, voort te gaan om van U te leer! Ek sien nie kans vir alles – U kom op 'n baie ongeleë tyd: wag asb. eers totdat alles in my nuwe gesag ingegroei is!

② Verkeerde persoon: 'n Tweede beswaar wat Petrus self kan opper: „Ek is so swak teenoor; al my selfvertroue is weg; my geaardheid sal meebring dat ek nooit kan volhard nie!"

③ Ander dissipels:

III Die Antwoord: Jesus se antwd aan Petrus is eintlik 'n betigtiging – 'n liefdevolle teregwysing: „Wat gaan dit jou aan? Volg jy My!" Xtus sien dat Petrus se een swakheid hier weer a.d. lig kom: om alles eers te wil weet, en kan alles weerstaan te wees sonder dat sy geloof getoets word. Daarom wil Hy hom leer om al sy vrae en redenasies te los, om eers te verstaan: Wat het Jesus vir my bewerk aan die Kruis? En dan te erken: Xtus kan my alleen gebruik as ek agter Hom aangaan. En agter Hom aan beteken net een ding: die weg v.d. Kruis, van gewillige selfverloëning en offer in belang van Gods Koninkryk!

Maar dan moet ek nie myself wil vergelyk met 'n ander, my oordeel oor Gods weg laat seëvier nie, anders kan Xtus my nie gebruik nie! En vir Xtus wil voorskryf hoe ek dinge gereël moet word nie!

→ my br. v st. Soos die beroep van Pr. Oos bietjie meer as 4½ jr. gelede as opdrag gekom het, so het dit vir ons voorgekom dat h.d. beroep ook so 'n opdrag inhou. Vr. van die begin was daar in ons hart nie net vrae nie, maar selfs besware & verset:

By onsself gevrede ness: So baie dinge wat net begin koers kry het (offergawes, sending, jeugarbeid, diak. sorg) – so baie wat nog aangepak & gedoen moet word (evang. aksie, oprigting jeugsentrum, beter samewerking 3 Afr. Kerke, latere afstigting Buitepark & omgewing, uitbou offergawes ens.). Gedurig gevra: Kan dit nou 'n wil wees dat ons dit



alles so laat? Sal dit nie skade ly? Die opdrag is so ongeleë, Here!

Hoe meer ons te deur gekry het met geest. behoeftes, gebroke huise, morele & maatsk. ontwrigting hoe sterker d. begeerte & bede: Laat ons hier bly & werk!

Daarby het nog gekom ons pers. huislike omstandighede: die opvoeding v. ons kinders, die nuwe eise aan 'n pastorie van so 'n gemeente. (5 ml. lank, geen natuurl. mapt ens.). – asook d. menslike versugting: Spaar ons om die gemeente wat so na aan ons hart lê, die pyn & hartseer op die tydstip te besorg! Spaar d. gemeente die geloofsbeproewing!

Antwd: Van Israel die profeet word gesê dat die hand v.d. Here op hom was – hom soos 'n las gedruk het. Ons het in die tyd begin verstaan wat d. profeet bedoel het met die woorde: Dit was asof die Here gevra het:

① Soek jy my wil of jou mensl. begeerte? Indien jy nie gewillig word om alles oor te gee nie, waarom bid jy dan nog? Waarom vra jy ander om saam te bid?

② Wat is vir jou die weg v.d. Kruis – van gewillige en blymoedige offerande in my diens? As dit is om te gaan – glo jy dan nie dat Ek die Here, sal voorsien nie? Wie se gemeente kudde is dit? Het jy dan geen geloof nie!

En nou dank ons die Here dat Hy ons gewillig gemaak het om Hom te vertrou en om te gehoorsaam om die pad te gaan wat vir ons die pad v.d. Kruis voorkom. En hoe swaar die afskeid ook sal wees wil

ons dit met blymoedigheid doen. ~~[illegible]~~

Ons wil u dank vir u troue voorbidding in hierdie dae – hoe het dit ons nie gedra en versterk nie.

Mr. bo al wil ons die Here dank dat Hy ons gemeente en onsself waardig ag om ons geloof te toets, om ons op te roep tot 'n nuwe oorgawe, toewyding & diens en om met vreugde elke taak te volbring wat Hy aan ons opdra!

'n Oproep tot hernude dankbare aanvaarding, tot hernude gewillige oorgawe, tot hernude groter geloofsvertroue vir d. toekoms v.d. gemeente in die Naam van die Meester wat ook vir u as gemeente sê: VOLG MY!

Amen.

## Gebed.

1. Dank ons is gespaar
2. Dank wond. seëninge 4½ jr
3. Vergifnis versuim & sonde.
4. Bid
   - Ds & Mev. Kemp
   - Kerkraad
   - Gemeente (bejaardes, armes).
   - Jongmense (skool & werkende).
   - Geloofsonderneminge
   - Send. werk.
5. ~~Al~~ Gesindheid: – geloof
   - & blymoedighd.